# 27 April 2024 - Lesing 299 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Eenwording van kerkgenootskappe? **–** 12/7/62

**NO: 8212** Daar is geen moontlikheid dat die verskillende kerkgenootskappe tot ooreenstemming sal kom nie, **omdat hulle almal vashou aan misvormde lere** en nie probeer om hulle daarvan los te maak nie.

Hulle almal rig hul aandag op **uiterlike handelinge**. Hulle verdedig almal 'n christendom wat nie meer die wesenlike is van dit wat JaHshua as "die deur Hom gestigte kerk" bestempel het nie. Want hierdie kerk is 'n **geestelike aaneensluiting**. Haar lede lei 'n lewende Christendom, wat die mense **van binne af** omvorm, maar dit is nie te vergelyk met die Christendom wat in die geloofsgemeenskappe uitgedra word nie, wat hoofsaaklik aan uiterlike gebruike vashou, wat **tallose handelinge en seremonies aangeneem het**, en dit **vooropstel** en die innerlike omvorming van die wese van die mens tot liefde **agter stel** en daarom nooit tot 'n ware verbinding met God, tot geestelike wedergeboorte, kan kom nie, **wat egter die wese is van die kerk wat JaHshua op aarde gegrondves het**.

Geeneen van die geloofsgemeenskappe sal hulle oorleweringe opgee nie. En nie een van hulle sal terwille van die ander van iets afsien nie, wat egter slegs mensewerk is en voor God geen waarde het nie.

Die stryd tussen geloofsgemeenskappe gaan oor die verskille, wat self met verloop van tyd geskep was. Maar aan die **eintlike misvorming van die geestelike leer** word nie aan gedink nie, wat die verwarring eers teweeggebring het en wat met alle ywer verdedig word as **oerreligie**, - wat egter slegs in die Waarheid te vinde is, wat JaHshua **Self** op aarde geleer het - en wat intussen ook misvorm was en wat deur **geeneen van die geloofsgemeenskappe** behartig en uitgedra kan word nie, omdat die **werksaamheid van die Gees** daarvoor noodsaaklik is, wat slegs deur die nakoming van die **goddelike gebooie van die liefde verkry kan word.**

En juis hierdie gebod word wel geleer, maar daar word allermins op aggeslaan, omdat aan alle ander – **deur die mense toegevoegde gebooie,** - meer aandag geskenk word, wat egter **waardeloos** is, omdat dit nie van God uitgegaan het nie, maar **suiwer mensewerk** is en daarom geen duursaamheid het en geen invloed op die positiewe ontwikkeling van die menslike siel kan hê om haar ryp te laat word op aarde nie.

Die goddelike Woord van JaHshua op aarde, wat aan die mense die hele Waarheid onthul het, is so verkeerd uitgelê, dat hierdie uitleggings gelei het tot vele verkeerde gebruike. **En die teenstander van God het daarby sy hand in die spel gehad**, deurdat hy die gees van die mense in **verwarring** gebring het, wat by die eise van die verskillende geloofsgemeenskappe merkbaar was, wat hulleself steeds splits wanneer die mense stry oor die geestelike betekenis van die Woorde van JaHshua.

En sulke strydvrae verdedig elke geloofsgemeenskap volgens die graad van haar insig of die geestes-toestand van diegene, wat uit homself glo om aange-stel te wees, **maar wat self nie tot die kerk van Messias behoort nie**, anders sou sy gees verlig gewees het en **hy sou homself losgemaak het** van die bestaande geloofsgemeenskappe of geestesrigtings.

Wel stry ywerige aanhangers vir hul verkreë insig, wanneer hule al verder gevorderd is in die rypheid van hul siel, maar hulle kan hulleself nooit handhaaf of ingang vind nie, **omdat hul teenstanders nooit bereid was om af te stap van 'n tot stand gebringde werk nie**, wat slegs bestaan het uit verkeerde menslike handelinge, wat nooit gestrook het met die goddelike wil nie, omdat dit nie met die suiwere waarheid ooreenstem nie.

En ofskoon 'n saamgaan van geloofsgemeenskappe beoog word, sal hulle tog nie van die menslike instellings afstap en hul bes doen om die ware kerk van Messias op te bou nie, **wat 'n innerlike lewe van die mens verg, wat in ooreenstemming met die goddelike wil is** en wat van geen enkele uiterlike handeling afhanklik is nie, **maar slegs van 'n lewe in liefde**, wat die verbinding tot stand bring met God en aan die mense 'n lewende geloof oplewer, asook 'n volledige begrip van die waarheid, want deur die werksaamheid van die Gees in die mens verkry word, wat alleen die kenmerk is van die kerk wat JaHshua Messias op aarde gestig het.

En solank as wat die mense nie loskom van **formaliteite** nie, waardeur hulle ook vele mense heeltemal van die geloof afbring, solank hulle self nie probeer om die **innerlike opwekking** te beleef nie, wat 'n werksaamheid van die Gees en 'n helder verligte denke tot gevolg sal hê, solank sal dit tevergeefse pogings wees om tot 'n eenwording te kom, want hulle verenig hulleself nie met die waarheid nie, **maar bly vashou aan die verkeerde geestelike leer**, wat hulle egter geen seën sal bring vir hulle siele nie. Amein.

Google search:

*There are more than 45,000 denominations globally. Followers of Jesus span the globe. But the global body of more than 2 billion Christians is separated into thousands of denominations. Pentecostal, Presby-terian, Lutheran, Baptist, Apostolic, Methodist — the list goes on.*